# Randjienuus

## 12 SEPTEMBER 2025



### *RANDBURG MASTERS 2025*

Wat 'n ongelooflike afskop van ons heel eerste *Randburg Masters*. **Ons gholfdag was 'n groot sukses** – van 'n vol baan spelers tot die ongelooflike gees wat oral gevoel is. 'n Groot dankie aan elke speler wat deelgeneem het, elke borg wat ons ondersteun het en aan al ons Randjies en ouers wat met donasies, skenkings en hulp die dag moontlik gemaak het. Sonder julle sou dit nooit dieselfde gewees het nie. **En natuurlik – baie geluk aan ons heel eerste *Randburg Masters* wenners, Marius Swanepoel en Anton van Nieuwenhuizen** – die eerste draers van die blou baadjie! Met só 'n begin, is daar geen twyfel nie: **die *Randburg Masters* gaan net groter en beter word**!






















# LIGPROJEK

'n Paar van die **Ligprojekleerders** het op 19 Augustus aan die Florida Babahuis besoek gelewer. Dit was 'n wonderlike ervaring en al die leerders het dit ongelooflik baie geniet om saam met die klein lyfies te kuier. Baie dankie aan almal wat met skenkings aan die Babahuis 'n bydrae gelewer het. Kom sluit aan by die Ligprojekgroep om soortgelyke projekte aan te pak.



# LEIERSKAP

Ons is trots om ons nuwe Studenteforum vir 2026 bekend te maak. Hierdie groep leerders staan gereed om met entoesiasme, integriteit en 'n hart vir diens die stem van hul mede-Randjies te wees. Leierskap gaan nie oor titels nie, maar oor die bereidwilligheid om 'n verskil te maak – om ander te inspireer, te dien en as voorbeeld voor te loop. Ons glo dat hierdie span juis dit gaan doen en 'n groot impak op ons skoolgemeenskap sal hê. Mag 2026 'n jaar wees waar hulle lig bring, eenheid bou en nuwe hoogtes bereik!





DANIELLA KITCHING

NICOLETTE VORSTER





TALIA SNYDERS

ANIKA MOOLMAN





SUMMER MANS

KAILA PARAU





LARA BOSHOFF

JADE MÜLLER





JESSICA JANSEN VAN RENSBURG

## SEUNS



NICOLAAS MITCHELL

ARMAND KRIEL





**JAYDEN OOSTHUIZEN**

**PHILMAR MINNAAR**





**EDUARD HEINE**

**LOUIS VAN KRADENBURG**





**JAN FERREIRA**

**CHRISTIAAN DE WAAL**





**JAYDEN BROWN**

**IAN BOTES**





**JOSEF VAN DEN BERG**

**JACEY VAN TONDER**





RUAN VISSER

LUCKY KHUMALO





EWAN VAN DER WALT

BENJAMIN SCHOEMAN





CHRISJAN VAN NIEKERK

BRADLEY BUTCHER





ZUAN SCHOEMAN

ERIK BREEDT





LIAM BENADE VAN NIEKERK

## BAIE GELUK AAN ELKEEN VAN JULLE!

# AKADEMIE

## ADMATHS

Baie geluk aan **Stefan van der Walt (gr. 8), Dihan Hoogendoorn (gr. 12) en Robert van der Spoel (gr. 12)** wat onder die top tien leerders in die land vir *AdMaths* vir die tweede kwartaal val. Ons is ongelooflik trots op julle prestasie – hou aan skitter, Randjies!




## GASVRYHEIDSTUDIES

Die **gr. 12 Gasvryheidstudies-leerders** het op 15 en 22 Augustus hulle finale PAT-modereringeksamen gedoen. Hulle het heerlike disse voorberei, die restaurant pragtig opgetooi en uitstekende diens gelewer. Welgedaan, Matrieks! Julle het goed gedoen. Ons **gr. 10 Gasvryheidstudies-leerders** het hierdie kwartaal net so mooi geleer en hulle mestegnieke geoefen om pragtige appelswane te maak.



# GR. 11 – LOOPBAANUITSTALLING

Ons gr. 11-leerders het tydens ons **jaarlikse loopbaanuitstalling** op 29 Augustus 2025 die geleentheid gehad om met verskeie instansies in gesprek te tree. Die energie was tasbaar en die belangstelling groot. Dankie aan al die uitstallers wat hul tyd en kennis met ons jong volwassenes gedeel het. Ons is trots om te sien hoe ons leerders hul toekoms ernstig opneem. Die toekoms lyk blink.



# KULTUUR

## TIENERTONEEL

En so is ons laaste **Tienertoneel-streeksfees** afgehandel. Op 26 Augustus, het *Detensie* en 'n *Monodie vir 'n Motman* by ATKV deelgeneem. Ons is trots op al die leerders en sê baie geluk aan elke prestasie wat behaal is. Puik gedoen, Randjies!

### MONODIE VIR 'N MOTMAN

Algeheel: **Silwer**
Spel - Tristan Hartman: **Brons**
Spel - Keira Bester: **Brons**
Spel - Kayla Grant: **Brons**
Ensemble-spel (Wian Gouws, Jan Ferreira): **Brons**
Ensemble-spel (Meagan Bridger, Ingrid Bekker): **Brons**
Ensemble-spel (Arno Pretorius, Sibella Naude): **Brons**
Spel - Wian Gouws: **Silwer**
Skrywer: **Silwer** (Ethan Bester, Nicolaas Mitchell)
Regie: **Silwer** (Ethan Bester, Nicolaas Mitchell)
Stelontwerp: **Silwer** (Ethan Bester, Nicolaas Mitchell)
Klankbaanontwerp: **Silwer** (Arno Pretorius, Ethan Bester, Nicolaas Mitchell)
Beligtingsontwerp: **Silwer** (Ethan Bester, Nicolaas Mitchell)
Verhoogbestuurder: **Silwer** (Keira Bester)
Verhooghulp: **Silwer** (Shani Botha, Ben Mitchell, Phillip van Eeden, Dihan Myburgh)
Beligtingsoperateur: **Silwer** (Nicolaas Mitchell)
Klankoperateur: **Goud** (Ethan Bester)

### DETENSIE

Algeheel: **Brons**
Regie: **Brons** (Pieter Booysen, Céhanè Lubbe)
Beligtingsontwerp: **Brons** (Pieter Booysen, Céhanè Lubbe)
Verhoogbestuurder: **Brons** (Mieke Kok)
Spel - Shiloh Knell: **Brons**
Ensemble-spel (Shiloh Knell, Annabelle Kirstein, Cameron Salmain, Mia Cummins, Olivia Olivier, Larissa Bouwer, Una Brits): **Brons**













# Tienertoneel – *wildsblom*

Ons **tienertoneelstuk** (***wildsblom***) het op 21 Augustus by ATKV by UNISA kleinteater opgetree.

**Hulle behaal die volgende fantastiese resultate:**



Vier **goud**, vier **silwer**
Algehele produksie - **silwer**
Stelontwerp (Ethan Bester, Nicolaas Mitchell) - **goud**
Verhoogbestuurder (Ingrid Bekker, Philmar Minnaar) - **silwer**
Verhooghulp (Sibella Naude, Wian Gouws, Meagan Bridger) - **silwer**
Beligtingsoperateur (Keira Bester) - **silwer**
Klankoperateur (Nicolaas Mitchell) - **goud**
Spel - Ethan Bester - **goud**
Spel - Nicole de Klerk - **goud**



En dan het hulle weer op 5 September met een van Randburg se leerderproduksies by die Pronk Podium semi-finaal deelgeneem. Hulle het 'n uitstekende vertoning gelewer en waardevolle, positiewe terugvoer van die beoordelaars ontvang. Tydens die optrede het hulle, hulle beligtingsontwerp-sertifikaat van brons na silwer opgradeer. Nog 'n hoogtepunt: (*wildsblom*) is deur na die finaal van die Allegretto Toneelfees en tree weer 24 September in die Pretoria Staatsteater op. **Baie geluk aan elkeen – ons hou vir julle duime vir die finaal vas!**

goodluck

# Afrikaans is 100

Hoërskool Randburg het op 9 en 10 Augustus tydens ons **Afrikaans 100-konsert** saam met ons gemeenskap die 100ste bestaansjaar van Afrikaans as amptelike taal gevier.  Die vieringe het met heerlike koeksisters, melktertjies en soetkoekies afgeskop wat almal in die regte feestelike stemming geplaas het. In die voortuin is gaste sommer al met 'n vrolike "flashmob" van ons boeredansgroep verras – 'n voorsmakie van die aand wat sou volg. Die program het 'n ryk verskeidenheid items ingesluit – van die aankoms van Jan van Riebeeck in die Kaap, tot die viering van ons eie Afrikaans is Groot. Dit was 'n aand vol heimwee, nostalgie en bo alles, trots om deel van 'n taal en kultuur te wees wat ons diep in ons harte dra. Afrikaans het hierdie naweek in elke noot, elke woord en elke glimlag geleef. Baie dankie aan almal wat saam met Hoërskool Randburg hierdie besondere mylpaal gevier het.



# SPORT

## MEISIESKRIEKET

Ons meisiespan wys hulle staal. Met 'n kragtige vertoning het ons meisieskrieketspan Randpark se **Eerste span** met nege paaltjies geklop – 'n puik spanpoging en 'n trotse oomblik vir ons Randjies.








Ons meisieskrieketspan wen met 104 lopies teen Jeppe Girls High school. **Alyssa Edwards** het vyf paaltjies vir vyf lopies gevat. Sy het in een boulbeurt vier paaltjies gevat waar sy ook n drie-kuns gekry het. Alyssa het ook 47 lopies in die kolfbeurt aangeteken. **Stefanie Viviers en Mekayla van Niekerk** het elk twee paaltjies gevat. Welgedaan, Meisies!



## FIETSRY

Elke resies is ’n nuwe uitdaging – en ons fietsryspan pak dit met passie aan. By die vierde *CycleLab* resies, by Steyn City, het ons leerders weer bewys dat harde werk en deursettingsvermoë vrugte afwerp.




**Ons is trots op die volgende puik resultate:**

★ Evan Naudé: Eerste ★ Erik Breedt: Derde ★ Kirstin Roos: Vyfde ★ Jayden Naudé: Vyfde ★ Natasha Swart: Sewende ★ Hannah Lansdell: Agtste ★ Reuben Christensen: Tiende ★ Reinhardt Strydom: 13de

# LANDLOOP

Ons is ongelooflik trots op die volgende atlete wat op 23 Augustus by die distrikslandloop-kampioenskappe gekwalifiseer het om Hoërskool Randburg by die Gauteng Landloop-kampioenskappe te gaan verteenwoordig. **Hiermee die uitslae:**

- Lea van Heerden - **Eerste plek**
- Liam Visser – **Tweede plek**
- Mieke Botha – **Tweede plek**
- Else Badenhorst – **Tweede plek**
- Leane Grobler – **Derde plek**
- Nardus Breed – **Vierde plek**
- Edgar van der Spoel – **Vyfde plek**
- Madyson Els – **Vyfde plek**
- Johan Jooste – **Vyfde plek**




# GHOLF


Baie geluk aan **Franco Colin, Alexis Barnard en Duvan du Toit** wat vir die Wesrand Hoërskole Gholfspan gekies is. Hulle gaan ons streek vanaf 5 tot 8 Oktober by die Orkney Gholfklub by die SA Interprovinsiale Toernooi verteenwoordig. **Sterkte, Randjies – ons weet julle gaan ons baie trots maak!**



Ons **gholfspanne** het op 8 September hulle eerste uit ses ligarondtes van die Sentraal Gauteng Gholf-liga gespeel. **Randburg A en Randburg B** eindig eerste in hulle poel en **Randburg C** derde.







## TENNIS

**Drie** van Randburg se **tennisspanne** het vanaf 4 tot 6 September aan die jaarlikse Limodo Bethlehem Voortrekker Hoërskole-tennistoernooi deelgeneem. Die **A-seunspan wen vir die tweede opeenvolgende jaar** die A-afdeling na hul Affies se A-span 4-0 in die finaal verslaan. Die **B-span** eindig **tweede** in die B-afdeling nadat hulle ongelukkig teen Affies B-span vasval. Ons is baie trots op ons **dogterspan** wat **sesde** uit 19 spanne eindig. Baie geluk – julle maak ons trots!



# SKUTS

Op Saterdag, 6 September 2025 het die Gauteng Skole Skutters Unie hulle jaarlikse spandinee en prysuitdeling by Hoërskool Florida se skietbaan gehou. Die **Randjie-skuts** het ons hierdie jaar besonder trots gemaak met al die pryse wat hulle gekry het. Ons skuts het die volgende pryse ontvang:

| | | |
|---|---|---|
| Bianca Janse van Rensburg:<br>**Goud:** Sporter onder 21 Beste 10m , 2025<br>**Goud:** Sporter onder 21 Beste 3P, 2025<br>**Goud:** Hoogste Algehele telling Sporter onder 21, 2025<br>Swart MQS Pin<br>Nienaber **Wisseltrofee** GSSU **Kampioen** Sporter Skut 2025 | Etienne van der Merwe:<br>**Brons:** Sporter onder 21 Beste 10m, 2025<br>**Brons:** Sporter onder 21 beste 3P, 2025<br>**Silwer:** Hoogste algehele telling Sporter onder 21, 2025<br>Swart MQS Pin | Neil Knoesen:<br>**Brons:** Sporter onder 14 Beste 10m, 2025<br>**Brons:** Sporter onder 21 Beste 10m, 2025<br>**Silwer:** Hoogste Algehele telling Sporter onder 14, 2025<br>Swart en Rooi MQS pin<br>Egoli Ope: **Brons** Sporter onder 14,2025 |
| Minay van der Merwe:<br>**Silwer:** Sporter onder 14 Beste 10m, 2025<br>Swart en Rooi MQS pin<br>Egoli Ope: **Silwer** Sporter onder 14, 2025 | Karien Botha:<br>**Silwer:** Sporter onder 14 Beste 3P, 2025<br>Swart en Rooi MQS Pin<br>Annabelle Kirstein:<br>Swart en Rooi MQS Pin<br>Cara Pretorius:<br>Swart MQS Pin | Chantal van der Bank:<br>**Brons:** Beste Pistool skut onder 21, 2025<br>**Brons:** Hoogste Algehele Telling Pistool onder 21, 2025<br>Swart en Rooi MQS pin |



## Die volgende Randjie-skuts ontvang Gautengkleure:

- Bianca Janse van Rensburg
- Chantal van der Bank
- Karien Botha
- Minay van der Merwe
- Annabelle Kirstein
- Neil Knoesen

## Die volgende Randjie-skuts is gekies om van 5 tot 9 Oktober 2025 as deel van die Gauteng-span aan die SANSSU SA's in Limpopo te gaan deelneem:

- Bianca Janse van Rensburg
- Chantal van der Bank
- Karien Botha
- Minay van der Merwe
- Annabelle Kirstein
- Neil Knoesen
- Reuben Pelzer




**Reuben Pelzer (gr. 8)** is ook as ontwikkelingskut gekies en sou hy sy kwalifiserende telling gedurende SA's skiet, sal sy Gautengkleure dan aan hom toegeken word. Mooi so, Randjies!

S A
SKOLE-SCHOOLS
SANSSU

## RUITERSPORT

Die ruiters doen dit weer! Hoërskool Randburg **wen** Kategorie H (2-4 ruiters) by die Gauteng-Wes distriksprysuitdeling. Ons is ongelooflik trots op **Mareli Wassermann, Heike Steyn en Ilana van den Berg.** **Mareli Wassermann** ontvang **drie medaljes** en eindig **top vierde ruiter** in die distrik, voorwaar 'n uitnemende prestasie! (Die toekennings strek van vlak 1 tot 7 per dissipline.)

✱ Goud – *Dressage* ✱ **Silwer** - *Performance Riding* ✱ **Goud** - *Prix Caprilli*
















Dit was ook 'n spoggeleentheid waar ons **matriekruiters** vereer is. Baie dankie, **Heike Steyn** vir jou vyf jaar se besondere toewyding tot die sport!



# SKAAKRONDOMTALIE

Ons het op 22 Augustus en 5 September na skool 'n lekker skaakrondomtalie in die atrium gehou. Alle leerders was welkom om te kom speel en dit was vir die skaakspan hope pret om teen ander leerders van die skool deel te neem. Daar is nie 'n wenner aangewys nie, maar ons het nou 'n ranglys waarvan ons vir toekomstige skaakspelle kan werk. **Wie dink jy is Randburg se *Grandmaster*?** Ons leerders het hulle strategie en slim planne tydens ons skaakrondomtalie gewys. Van beginners tot gevorderde spelers het mekaar uitgedaag – en die entoesiasme was aansteeklik. Dankie aan almal wat deelgeneem het en saamgespeel het. Ons sien uit na die volgende skuif!













## Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

TYE – 12:30 TOT 14:15
(WOENSDAGMIDDAE)

Kaartbetalings
alleenlik
na 14:00




## Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



CSV
DONDERDAE, 07:30 TOT 08:30 IN SAU.
ALMAL IS WELKOM!



## Parkering

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure:</u>** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**

**Insure SPR**
Precision Healthcare

## INSURESPR HEALTH

VISIT US FOR ALL YOUR X-RAYS AND BONE DENSITY NEEDS.



**Bone density services**



**DXA Body Composition**



**General X-rays**

**BONE DENSITY SERVICES**
We screen and monitor bone health, particularly for patients with osteoporosis or those at risk of fractures.

**DXA BODY COMPOSITION**
We provide accurate body fat, muscle mass, and bone density measurements, ideal for athletes and individuals are managing their weight and fitness(gym goers)

**GENERAL X-RAYS**
Our comprehensive imaging services offer quick and precise diagnosis for various medical conditions.

**Book an appointment**
Tel : 010 001 9997
Cell : 083 450 7861

**Visit us**
E-MEDCENTRE,
7 MALIBONGWE DRIVE

**#YOUCANDOSCIENCE**

**Aanlyn Fisiese Wetenskap lesse**

- Grade 9 tot 12
- CAPS vir NSC en IEB eksamens
- Dek volledige kurrikulum
- Video lesse
- Notas
- Toetse met volledige antwoorde
- Eksamen vrae met memo wat antwoorde verduidelik
- Onbeperkte toegang tot al die lesse van al die grade
- Vorderingsverslae van leerders
- Wetenskap woordeboek

**NUUT: Graad 9 Natuurwetenskap (Chemie en Fisika komponente)**

**Volledig in Afrikaans en Engels**

Vir gratis demo lesse, pryse en meer inligting:
www.youcandoscience.co.za
Ontwikkel deur ervare wetenskap onderwysers.

## JOZI COUNSELLING

GEREGISTREEDE TRAUMA BERADER

**KARIN PAMPEL**
BComm (Bedryfsielkunde) (UJ)
BA Hons (Sielkunde) (UNISA)
BPsych
**Praktyknommer: 0414581**
**HPCSA REG: PRC0012700**

**BERADING**
Volwassenes, Tieners en kinders, Angs en ligte depressie, Rouberading, Afknouery, Emosionele ondersteuning, Gesinskonflik, Ouerskapvaardighede, Verhoudingsprobleme, Streshantering, Traumaberading, Pastorale / Christelike berading



Mediese fonds tariewe geld
Berading in Engels en Afrikaans
Aanlyn of persoonlik

010 001 9997 / 082 565 2704
karin@jozicounselling.co.za
E-MEDCENTRE
18 Aimee St, Ruiterhof, Randburg




THE BIKE ROOM
947 RIDE JOBURG SERVICE SPECIAL
30% OFF ALL MAJOR SERVICES (ROAD/GRAVEL/MTB)
*excl replacement parts
1 September 2025
*Special Ending 31/10/2025*
(010) 026-8100
@THEBIKEROOMZA
WWW.THEBIKEROOM.CO.ZA
(082) 610-0200
@THEBIKEROOMZA
26B BRAM FISCHER DR. LINDEN, RANDBURG


C&C BARNARD
BIOKINETICISTS
14 Aimee Street, Moret, Randburg, 2161
CJ: 072 495 1636 / Chardoné: 083 609 8222
www.ccbio.co.za
Services
• Evaluation (Orthopaedic, clinical, wellness)
• Rehabilitation (Orthopaedic, clinical, wellness)
• Conditioning & weight loss
• High performance training
• Fitness assessment
• Body composition
• Sports injuries & joint pain
150m from Hs Randburg


Discover
The Sweetness of Nature
Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street, Benoni for the finest Farm Fresh Honey.
Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm & Saturday 8am - 1:00pm
100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour
www.highveldhoney.co.za
011 849 1990
@highveldhoneyfarms




**Gesoek: Saamry geleentheid**

Ons benodig 'n saamry geleentheid vir 'n Randjie soggens en middae vanaf Krugersdorp skooltoe en terug. Is bereid om brandstof kostes te deel. Skakel asseblief vir **Natasja by 073 144 6192**





















**Kliek gerus op die internet se link https://wenwetenskap.co.za/**

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

ONS **HELP** MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima mins 3 %.


## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# WINTER IS OPPAD:
# IS JOU SEKURITEIT REG?




Terwyl die winter nader kruip, is baie van ons besig om ons klerekaste uit te pak en die tuin reg te maak. Maar het jy al daaraan gedink om jou huis se sekuriteit ook 'n bietjie aandag te gee?

Met die dae wat korter word en die nagte langer, is dit die perfekte tyd om jou sekuriteitstrategieë te bekyk en seker te maak hulle is reg vir al die uitdagings wat die koue bring.

Ons stel voor dat jy so gou moontlik jou sekuriteitstelsels deeglik nagaan. Kontak jou sekuriteits-maatskappy en toets die alarm en paniekknoppies. Reël sommer 'n tegniese diens indien nodig.

Hierdie toets is baie belangrik! As die stelsel nie reg werk nie, sal die paniek sein dalk nie by jou sekuriteitsmaatskappy uitkom nie, en hulle sal dalk nie eers weet daar is 'n noodgeval by jou huis nie.

Die beste is om by die buitekant van jou erf te begin en so na binne te werk. Dink soos 'n skelm en kyk of jou heining of mure, tuin, vensters, deure, tuinskuur, motorhuis, ens. enige swak plekke het wat 'n skelm kan gebruik tot sy voordeel.

## FIDELITY ADT BIED NOG 6 LEKKER WENKE AAN OM HIERDIE WINTER VEILIG TE BLY:

**1**
Maak seker jou straatnommer is steeds duidelik sigbaar in die geval van 'n noodgeval. Dit kan kosbare tyd spaar vir die reaksiespan as hulle moet kom help.

**2**
As jy jou honde saans binne bring, vra jou sekuriteitsmaatskappy om jou alarmstelsel so op te stel dat dit steeds 'n vroeë waarskuwing gee, al is die diere binne.

**3**
Verseker dat jy 'n rugsteunkragbron het om ligte, hekmotors, en sekuriteitstelsels te alle tye aan die gang te hou.

**4**
Sit eksterne sensors vroegaand al aan sodra almal by die huis is.

**5**
Wees wakker en op jou hoede wanneer jy by die huis wegry en aankom. Misdadigers maak gebruik van die langer ure van donkerte in die winter en is nie bang vir die koue nie!

**6**
Maak seker jou sekuriteitsmaatskappy het die nuutste kontakbesonderhede van die sleutelhouer.

Sekuriteitsbehoeftes verander saam met die seisoene. Terwyl ons voorberei om meer tyd binnenshuis deur te bring, kan jy met hierdie wenke die gemoedsrus hê om te weet dat jou sekuriteitsroetines net so wintergereed is soos jy!

FIDELITY SERVICES GROUP — ADT

086 12 12 400 / 086 12 12 401 — www.adt.co.za

facebook.com/ADTsa — @fidelity_adt_security — @FidelityADT

# SEPTEMBER 2025

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| **Toets 6**<br>**Gr 10&11 LO taak**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>Tennis: Seuns-C-span (mbw)<br>A Capella oefening<br>Seunskrieket vs Kemptonpark<br>Gr 12 LO 9-11:30 / Afr (V3)14h-17 | Koor: Her-oudisies 17:30<br>Gr 12 Rek (v2) 9-11:00<br>Gr 12 RTT (t) 14-17:00 | **Verjaar: D Le Roux**<br>**Toets 7**<br>Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>Robotics League 14:15 B4<br>Atletiek: Lentebyeenkoms (t)<br>Gr 12 ENG FAL (p2) 9-11:30 | **Verjaar: E Mans**<br>Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>A Capella oefening<br>Dogterskrieket vs Monument (t)<br>Gr 12 Gesk (v1) 9-12:00 | Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>**Lentedag**<br>Gr 12 Wisk & Gelets (v1) 9h | Tennis: Bethlehem Tennistoer<br>Skaak: Toernooi Atrium 08:00 | |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| **Toets 8**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>Tennis: Dr Malan (t)<br>BL-Vergadering<br>A Capella oefening<br>Seunskrieket vs Kemptonpark (t)<br>Gholf Sent Gauteng Liga<br>Gr 12 Wisk/Gelets 09h | **Verjaar: E Potgieter**<br>Koor: Her-oudisies 17:30<br>Tennis: Dogters St Peters (t)<br>Gr 12 Bes (v1) 9-11:00<br>Gr 12 Drama 9-12:00 | **Verjaar: R Hoar**<br>Robotics League 14:15 B4<br>Dongterkrieket vs Steyn City (t)<br>Gr 12 Geo (v1) 9-12:00 | **Toets 9**<br>A Capella oefening<br>Seunskrieket vs Redhill (t)<br>Gr 12 Eko (v1) 9-12:00 | Atletiek: Egoli<br>A Capella Uitdunne Waterkloof Pta<br>WOW Spelfees @ L/S Fairland<br>Tennis: Seuns A & B (mbw)<br>Seunskrieket vs Redhill (t)<br>Gr 12 FW (v1) 9-12:00<br>Gr 12 Dans 9-12:00 | **Netbal: Gauteng Fast 5 uitspele**<br>A Capella Uitdunne Waterkloof Pta<br>Fietsry: Byeenkoms 5<br>ATG Karate – Atrium 07:00<br>7's Rugby vs HS Brandwag<br>Seunskrieket vs Redhill (t) | |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| **Verjaar: J Clifford**<br>**Toets 10**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>Tennis: Seuns-C-span (mbw)<br>A Capella oefening<br>Gholf Sent Gauteng Liga<br>Gr 12 FW (v2) 9-12:00 | Kooroefening 17:30-20:00<br>Tennis: Dogters A&B St Mary's (t)<br>Gr 12 Geo (v2) 9-12:00 | Robotics League 14:15 B4<br>Tennis: Marais Viljoen (w)<br>Dogterskrieket vs Noordheuwel (t)<br>Gr 12 BES (v2) 9-11:00 | **Toets 11**<br>A Capella oefening<br>Gr 12 Gesk (v2) 9-12:00 | **Verjaar: John Makeng**<br>Atletiek: Curro Podium Uitdunne<br>Gr 12 LW (v1) 9-11:30<br>Gr 12 Ontwerp 14-17:00 | 7's Rugby vs HS Bergsig | |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| **Verjaar: J Deale**<br>**Toets 12**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>A Capella oefening<br>Gr 12 LW (v2) 9-11:30<br>Gr 12 VIS kuns 14-17:00 | **Toets 13**<br>Kooroefening 17:30-20:00<br>Tennis: Dogters Linden (w)<br>Atletiek: Top 30 Potch<br>Unika en Fonties Gholfdag<br>Gr 12GVS 9-12:00<br>Gr 12 IGO (v2) 14-17:00 | **Erfenisdag**<br>Atletiek: Top 30 Potch<br>Dogterskrieket vs Northcliff (w) | **Gr 8-11 Punte in (D6)**<br>Fotografieklub<br>A Capella oefening<br>Swem: Aflosgala @V<br>Atletiek: Top 30<br>Gr 12 EKO (v2) 9-11:00<br>Gr 12 IT (t) 14-17:00 | Kooroptrede saam met Joshua na die Reën FGK<br>Gr 12 Toerisme 9-12:00 | Skaak: Provincial chess championships 07:00-19:00 - Atrium | Koor: Optrede FGK |
| 29 | | 30 | | | | |
| Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: Snr Proewe 14:30 QMS<br>Voorbereiding /**Alle Gr 12 punte in**<br>A Capella oefening | Kultuursensitiwiteit WW Gr 8-11<br>SF Sessie met Lidia<br>BL Begrotingsvergadering<br>Gr 12 Kuns (v2) 9-15:00 | Kooroefening 17:30-20:00<br>SF Opleiding tot 14:00-17:00<br>Gr 12 Ontwerp (v2) 9-15:00<br>Tennis: Dogters St Stitians (t) | | | | |